Sake24

Kan zama-zamas se grawery gewettig word?
Dit was 'n onverwagse telefoonoproep van die skagtelefoon na die oppervlak by Harmony se Elandmyn in die Vrystaat.

Warboel oor SEB-status 'n uitbuitrisiko
Die verifiëring van maatskappye se status vir SEB is in 'n chaotiese toestand.

Rand/$: 8.1700 Rand/£: 12.9600 Rand/€: 11.3000 Goud $/ons: 949.15 Platinum $/ons: 1226.50 Platts Brent Olie: 68.07
JSE VANDAG: All Share: 22799.91 Top 40: 20571.34 FNDI 30: 20408.67 Gold Mining: 2513.34 Resource 20: 42851.03 R152: 0.00 WENNERS VANDAG

Nuus
Tuisblad
Wat kan jý doen met 'n miljoen?
Wêreldnuus
Algemene Sakenuus
Ekonomie
Maatskappye
Markte
Eiendomme
iT - Sake
Maatskappy-resultate
Gratis Nuusbrief
Groensake
Effektetrusts
Dokumente
Blogs

In diepte
Rubrieke
Entrepreneurs
Jou Geldsake
Sakekamer-dagboek

Fin24
- Huge shortfall in Eskom finances
- Manuel defends jobs plans
- More rules needed, Sarb told

Beeld
- Pa wil ander red ná seun sterf
- 'Mense het oral gelê'
- 'Hy wás my vriend'

Volksblad
- Eksteen 'wás my vriend'
- Proteas behaal rekordsege oor Skotland in Wêreldkitstoernooi
- Druk op Bok-breier verhoog ná Brüssow se skitterspel

News24
- Zuma health promise 'concerning'
- Cosatu congratulates Zuma
- Mathe guilty on 64 charges

Gister se gewildste Artikels
- Gladdebekswendelaar
- Pretorianer pronk Doer Onder
- Uitlatings kan jou duur kos
- Goeie gebruikte motors skaars
- As jy hom in 'n boks wil druk, maak hy 'n plan

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS**

SOEK Webwerf Aandeelpryse Soek

Algemene Sakenuus : ALGEMENE SAKENUUS **: STORIE**

- Maak Sake24 my tuisblad
- Gebruiksooreenkoms

Uitlatings kan jou duur kos

07/06/2009 03:02 - (SA)

Druk artikel | E-pos storie aan 'n vriend

Riana de Lange

Port Elizabeth. - "Ek kan nie wag dat dit vyfuur word nie. Vandag het ek genoeg gehad van dié #[@* plek!"

Jy het al dié boodskap op jou Facebook-maatjie se profielblad gelees, óf jy het al self jou ergerlike "status" daar bekend gemaak vir wie almal om te sien.

Maar nie alle uitlatings op Facebook is klaarblyklik so onskuldig of onskadelik nie.

Volgens die nuusdiens Sapa is drie werk?nemers onlangs afgedank of geskors weens uit?latings wat hulle op Facebook gemaak het oor hul toesighouers of omdat hulle 'n mede-dinger se produk op hul profielblad sou bevorder het.

Hoe nou gemaak, want is Facebook-kommunikasie nie privaat nie, kan jy nie daarop sê wat jy wil nie, en het die werkgewer die reg om na te lees oor jou lewe en bedrywighede buite die werk?

Me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van die werwingsgroep Landelahni Business Leaders, sê werknemers moet besef wat op Facebook gesê word, is in die openbare domein. "Om iemand op Facebook sleg te sê, is soos om dit op 'n advertensiebord langs die pad te doen."

Gebruikers moet ook die konteks van Facebook verstaan. Wat jy daar sê, is nie dieselfde as 'n private e-posboodskap tussen twee mense nie.

Dr. Willem Landman, uitvoerende hoof van die Etiek-instituut van Suid-Afrika en buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch, sê al het ons hier te doen met 'n virtuele wêreld en hoëtegnologie, kan jy steeds mense benadeel met wat jy sê.

Die waardes soos respek vir mekaar, lojaliteit, eerlikheid en vertroue bly steeds van krag.

'n Mens moet versigtig wees wat jy sê, selfs al is dit aan 'n beperkte vriendekring, waarsku hy.

Inherent aan enige indiensnemingskontrak is respek vir die werkgewer en die beginsel dat die werknemer nie die maatskappy/werkgewer se reputasie mag skaad nie.

Op grond daarvan behoort werknemers ook 'n wag voor hul mond te plaas, aldus Burmeister.

Prof. Piet Naudé, 'n kenner in sake-etiek en direkteur van die Sakeskool aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) in Port Elizabeth, sê die voorvalle van die werkers wat ontslaan of geskors is, wys dat ons inderdaad in die era van Big Brother begin leef.

'n Deel van die vraag oor dié voorvalle is vir hom of die betrokke werknemer op 'n werk-rekenaar of by sy tuisrekenaar was toe hy afbrekende of onaanvaarbare uitlatings oor sy baas gemaak het.

Hy sê die etiese konsensus is ál meer dat die werkgewer die reg het om werknemers se e-posboodskappe te monitor, asook die webwerwe wat hul besoek en vas te stel hoeveel tyd daaraan bestee word as dit nie met werk verband hou nie.

Dit spruit daaruit dat die toerusting aan die werkgewer behoort én omdat die werker betaal word om produktief te wees tydens werkure.

Naudé verduidelik wanneer iemand van sy huis op sy eie toerusting Facebook-uitlatings maak, moet dit ook binne die grense van die Grondwet wees en wegstuur van byvoorbeeld haatspraak of opruiende taalgebruik. Hoewel gebruikers kan meen dit is private uitlatings, is dit nie geheim nie. "Faecbook is nie geheime terrein nie," sê hy.

Daar is ook die kwessie van vryheid van spraak (in dié geval vir die individu) en

Vind
Top Afrikaanse boeke
Werksgeleent- hede
DirectAxis - Lenings

VERSEKERING
OUTSURANCE
Spaar by **OUTsurance**. Kliek hier vir huisinhoud-, besigheids- en motorversekering.

Vind jou ou skoolvriende
Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

ONS BEVEEL AAN

Fire water: South African brandy
Suid-Afrikaanse brandewyn is wêreldgehalte met 'n unieke smaak - ryk aan karakter en styl. *Fire Water* bied 'n fassinerende nuwe blik op hóé brandewyn vervaardig en geniet word in ons land.

advertensie hier!

SOEK | KOOP | VERKOOP

die baas se aanspraak op vryheid van inligting.

Niemand kan die baas verhinder om openbare inligting te gaan oplees nie.

Mnr. Shaun Posthumus, 'n doktorale student in inligtingstegnologie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU), sê die toegang tot inligting op iemand se Facebook-profiel, hang af van hoe sterk die sekuriteit van 'n gebruiker se profiel opgestel is.

Die meeste gebruikers is egter onbewus daarvan dat hulle self hul profiel se sekuriteit kan opstel om byvoorbeeld net hul gekose vriendekring toe te laat.

Die keuse is joune. Met oningeligte gebruikers gebeur dit dus dat enigeen toegang tot al jou inligting kan kry, sê hy.

Daar is altyd die gevaar van mense wat deur sekuriteitsmeganismes kan breek.

Selfs banke loop deur en geen sekuriteit is 100% onfeilbaar nie, sê Posthumus.

Burmeister sê enigeen op Facebook plaas hom/haarself basies in die openbare arena, en het as sodanig nie veel beheer oor wie lees dít wat jy in daardie openbare ruimte – soos met 'n blog – geplaas het nie. Dis heeltemal denkbaar (en wetlik korrek) dat werkgewers en toekomstige werkgewers Facebook of ander sosiale media kan gebruik as 'n verwysing, of om karakterverwysings te evalueer.

Hoewel Landelahni nog nie maatskappye in Suid-Afrika teëgekom het wat dié roete volg nie, is die internasionale neiging al meer om mense via Google op te soek, wat ook inligting op iemand se Facebook-inligting kan gee, sê sy.

Wees bewus van die persoonlike en professionele beeld of handelsmerk van jouself wat jy in die openbaar wil uitdra.

"Maak eerder seker dit wat in die openbare arena geplaas word, is wat jy wil hê mense van jou moet weet," is Burmeister se raad.

Laaik.it

Teken in op Beeld, Die Burger of Volksblad om jou Sake24 elke dag te kry

Sake24

-- Top stories in this category --

PROMOSIE

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer stygende lewenskoste jou? Kliek hier en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou versekering!

Boerpot van R8,5 miljoen gewen op African Palace se aanlyn-casino
Marie van Wyk is nou R8.5 miljoen ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en een gooi het haar lewe vir altyd verander. Sy het oornag 'n miljoenêr geword: "My casino-balans was skielik R8.5 miljoen! Ek is steeds oorstelp van vreugde. Elke dag moet ek myself daaraan herinner dat dit nie 'n droom is nie." **Kliek hier om African Palace te besoek en kry R100 gratis om mee te speel**.

Versekering sluk jou geld
Die enigste manier om 30-40% te spaar is om premiums te vergelyk...

BK Registrasie R264.00
Doen Aansoek Aanlyn Vir R264.00 Of Besoek 1 Van Ons 9 Takke Landswyd.

Terug na bo

Kontak ons | Omtrent Sake24 | Adverteer by ons | Sake24 navrae

online publishers association member